UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 AUG 1961

INLIGTING MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH.

- FEBRUARIE 1956 -

1. BEHOUD VAN WAT KENMERKEND IS VAN STELLENBOSCH VERAL WAT BETREF DIE OUER DEEL DAARVAN:

(a) Die Raad bestee baie aandag aan hierdie vraagstuk en wend pogings aan om wat kenmerkend is te beskerm teen neigings om slegs persoonlike of finansiële belange te laat geld. 'n Uitnodiging is ontvang van die Nasionale Monumentekommissie om die saak op sy volgende byeenkoms in Kaapstad te bespreek. Op die oomblik is die Burgerhuis en sy behoud op die voorgrond omdat verwag word dat binnekort met die aanbou van nuwe magistraatskantore op die vorige eiendom van die Rynse Sendinggemeente aan die westekant van die Braak 'n begin gemaak word. Die Raad het besluit om aansoek te doen vir die oordrag aan hom van die Burgerhuis of vir die verhuur daarvan vir 'n tydperk van 99 jaar.

Saam met die ou Rynse kerk, die Kruithuis en 'n aantal ander geboue vorm die Burgerhuis nog 'n sierlike argitektoniese afronding wat 'n eie karkater verleen aan die Braak - wat onlangs nog beskryf is as „miskien tot vandag toe die mooiste dorpsplein in die land". Daarom is die Raad oortuig dat dit sy plig is om te sorg dat die gebou nie platgeslaan word nie. Dit sal natuurlik 'n aansienlike bedrag kos om dit te herstel soos dit oorspronklik beplan is. Nadat die gebou herstel is, sal die Burgerhuis volgens die voorneme van die Raad vir een of ander Munisipale doel gebruik word.

(b) Wat die Kruithuis betref is die Raad gretig om weereens daar 'n begin te maak met die uitstalling van 'n aantal interessante oudhede in sy besit wat goed in die gebou sal pas. Miskien is dit interessant om hier iets van die geskiedenis van die geboutjie te vertel, soos deur die Historiese Monumente-Kommissie opgestel:

2// .....

„In die onstuimige dae van die laaste kwart van die agtiende eeu het die Goewerneur en die Politieke Raad van Kaapstad tot die gevolgtrekking gekom dat dit wenslik was om ammunisie in Stellenbosch te bewaar. Die toestemming van die Here Sewentien is na behore gevra en toegestaan en die Politieke Raad kon voortgaan om die Landdros en Heemrade van Stellenbosch in kennis te stel van die besluit om 'n arsenaal of magasyn in hul gebied op te rig.

Die Landdros en Heemrade is versoek om behulpsaam te wees met die aanwysing van 'n geskikte terrein. Daar het 'n inspeksie in loco plaasgevind en die terrein by die laagste kant van die Braak, die „exercitie veld" van daardie dae het algemene byval gevind. In daardie dae is die terrein beskryf as oop en uit die pad maar nogtans sigbaar van die dorp af („vrye en afgelegene doch tevens in het oog dezes dorp zynde").

Aangesien die regering van Kaapstad self soveel bouwerk gehad het, is daar besluit dat die Landdros en Heemrade van Stellenbosch tenders vir die oprigting van die gebou sou vra. Op die vergadering van die Heemrade wat op 7 Oktober 1776 gehou is, is die tender van Phillip Hartog en Lambert Fick vir 900 floryne (Indiese valuta) vir aanbeveling by die regering aangeneem en in November 1776 is die fondamente van die gebou gereedgemaak. Die gebou is op 5 Mei 1777 voltooi.

Hierdie jaartal asook die letters V.O.C. (Verenigde Oost-Indiese Compagnie) is nog op een van die gewels te sien".

2. UITTREKSEL UIT OU NOTULE:

Huidige inwoners van Stellenbosch sal sekerlik met belangstelling die volgende stukkie geskiedenis lees in verband met die naamgewing van die ou strate in ons dorp:

„ Donderdag den 19 Maart 1818.

'Savonds ten 7 uuren ter Drosdye present de Weledele Heer Daniel Johannis van Ryneveld, Landdrost: - de Secretaris, Petrus Canzius van Blommenstein, de gezwooren landmeter Willem Fredrik Hertzog: en den fungeerende klerk van den Heer Landdrost Francois Roos, Jan's Zoon.

.....

3// .....

De Heer landdrost communiceerd, dat reeds by Gouverments letteren van den 24 November 1810 ten Secretarye zich bevendende, geordenneerd was, de straaten van het Dorp, van naamen te voorzien, zonder dat sulks to heden ter executie was gelegd en proponeerd, om zulks thans te doen plaats grypen:-"

(Dan word die name van die strate en pleine genoem met die heropvolgende verklarings):

„De Dorp's Straat draagd zyn naam om dat zulks de capittaalste straat is.

De Kerk's Straat om dat derselve over de Kerk is gesitueerd.

De Plein Straat om dat derselve af't voornaamste plein uitkwaam.

De Drosdy's Straat om dat derselve tegen over de Drosdye is gesitueerd.

De Ryneveld's Straat naar de tegenswoordige Landdrost, en zynedele Grootvader, die alsmeede die functien alhier haäde bekleed.

De Andringa's Straat naar den landdrost van dien naam.

De Bird's Straat naar de Gouvermente Secretaris van dien naam.

De Molen Straat, om dat de molen in derselve is gesitueerd.

De Dorp Steeg, om dat zulks de eenige Steeg was de welke zich thans in 't dorp bevind.

De Blom Straat naar de Secretaris van Blommestein.

De Alexander Straat, naar de Gouverments Secretaris, Alexander.

De Brouwer's Straat om dat aldaar nu een Bier Brouwerye wordt geëxerceerd.

De Herte Straat, naar de landmeter van het District Hertzog.

De Papegaaiy's Straat naar de berg van dien naam, de welke achter derselve legt.

Het Charles Plein, naar de tegenswoordige Gouverneur Lord Charles Henry Somerset.

Het Molen Plein naar de aldaar zich bevindende molen.

Het Konings Plein om dat zulks't voornaamste Plein van het Dorp is.

De Markt, om dat men het voornemen heeft, aldaar een markt opterichten.

Het van der Riet's Plein naar de voormalige Landdrost van dien naam.

4// .....

Het Singel, om dat zulks een wandeling half rond het dorp uitmaakt.

My present,
P. van Blommestein,
Secretaris."

3. NUWE HOME BRUG:

Die werk het so ver gevorder dat geskat word dat die brug binne die volgende twee maande klaar sal wees.

4. DIERE WAT RONDLOOP:

Klagte neem toe insake diere wat rondloop sonder oppasser en die tuine van die publiek beskadig. Die Stadsraad vestig aandag daarop dat sulke diere op Bergzicht geskut kan word. Diere wat op Munisipale grond sonder oppasser rondloop, sal van Munisipaliteitsweë geskut moet word.

5. STANDBEELD VAN WYLE PROF. J. DU PLESSIS:

Daar is reëlings getref dat die standbeeld op 20 en 21 Februarie 1956 na die tuin van Phillimore Huis verskuif word.

6. VERBETERING VAN DIE TELEFOONDIENS:

Die Minister van Pos- en Telegraafwese het die Raad in kennis gestel dat hy gewillig is om 'n afvaardiging op 18 April 1956 te woord te staan insake die verbetering van die telefoondiens en om die instelling van 'n outomatiese stelsel te bespreek.

7. INENTING TEEN POKKE

Daar is aansienlik gebruik gemaak van die geleentheid om teen pokke ingeënt te word. Die syfers (Inentings deur geneeshere indiwidueel toegedien, uitgesluit) is soos volg:

	Kleurlinge	Blankes	Totaal.
Magistraatskantore	1094	901	1995
Gesondheidsentrums	7105	2016	9121
Sanatorium	866	434	1300
	9065	3351	12416

- - - - - - - - -